

6 Julie

Nehemia 9:1-37

Geloofsgroei bring erkenning van God se trou

Wanneer ek in die geloof nader aan God groei, sien ek al hoe meer die troue daede van God in my verlede raak. Dit bring my tot belydenis van my eie sonde maar ook tot erkenning van God se genade. God openbaar Homself as die unieke God wat in 'n unieke verhouding met sy uitverkore volk lewe. Dit vra van ons geloofsreaksie.

Na die volk die Wet van die Here aangehoor het, reageer hulle deur 'n vasdag uit te roep. Daar doen almal belydenis van God se trou, ondanks hulle ontrou. Die belydenis spreek van God se sorg deur die geskiedenis. Deur sy ontferming het Hy hulle deur die jare gelei.

God word geloof as die Ewige (5), Unieke Skepper (6), troue Verbondsgod (7-8), Verlosser (9-11), Versorger en Leidsman (12-21), God wat vergewe (17b), Gees wat onderrig (20), ens. Vanuit die Nuwe Testament sien ons hoe die Vader in Jesus Christus ondeurgrondelike liefde en genade bewys. Sy liefde duur tot in ewigheid.

God wil van sy kinders erkenning ontvang oor Wie Hy is en wat Hy vir hulle gedoen het. Die gelowige kry geloofskrag uit die bewyse van God se trouheid. Ons is so met ons nood en behoefte besig, dat ons nie die grootheid van God raaksien en bely nie. Om in die geloof te groei vra van elke gelowige kennis en erkenning van God en sy werke. Ons dae van verootmoediging mag nie sonder 'n lewe van lof aan die Drie-Enige God nie.

Waarvoor kan ek erkenning aan God bring vir wat Hy in my lewe doen en gedoen het? Doen ons dit genoeg? Maak 'n lys van al die karaktertrekke van God wat in hierdie gedeelte voorkom en pas dit toe op jou eie lewe. Loof Hom daarvoor.

Ons loof U Drie-Enige God, vir al U werke, vir U trouheid van geslag tot geslag, vir U sorg elke dag, vir die volkome vergifnis van al ons sonde. Aan U kom toe al die eer en lof en dank, tot in ewigheid.

Sing Psalm 130:1,2,4

Ds. J.P. van der Walt (Durban)